

GEDAGTE VIR DIE DAG

“As die plan nie werk nie, verander die plan,
maar nooit die doel nie”



NUUSBRIEF 01

25 JANUARIE 2021

Geagte Ouers

Die jaar het verseker met heelwat uitdagings begin. Ons as skool was ook diep geraak met die afsterwe van geliefdes in ons skoolfamilie. Aanvaar asseblief ons innige meegevoel aan die van u wat direk hierdeur geraak is – ons harte gaan uit na u.

Personeel, ouers en leerders moes binne 'n week oorskakel van die opwinding van die eerste fisiese skooldag, tot die oorgang na aanlyn-onderrig. Ons is ook deeglik bewus van die feit dat ons nie op vlak 5 van inperking is nie en dat ouers reeds begin werk het. So het die reëls ook verander en het die personeel die nodige aanpassing aangebring om in gedagte te hou dat ouers nie noodwendig by die huis is, om veral Grondslagfase leerders, te ondersteun nie.

Ons moes hierdie besluit neem, om die fisiese onderrig met 8 skooldae uit te stel, weens ons bereidwilligheid om saam te werk met die versoek van die Regering, rakende die huidige stand van sake van die Covid-19 pandemie. Ons hou die daaglikse infeksie syfer dop en glo dat die afname van die syfer, ons in staat stel om by ons voorgenome datum van fisiese onderrig te hou.

Graag wil ek ook die volgende inligting onder ouers se aandag bring:

- ❖ Ons maak gebruik van **Zoom-lesse** vir onderrig doeleindes.
- ❖ Tye vir die Grondslagfase is aan u gegee en klasse is in kleiner groepies gedeel sodat daar aan elke kind aandag gegee kan word.
- ❖ Die Grondslagfase se werk vir die 8 dae is aan hulle gegee. Ons gaan verseker dat almal kan bybly en stadig begin soos wat u kind fisies by die skool sou wees.
- ❖ Alle skrifte, handboeke, sowel as skryfbehoeftes, is by u huise afgelewer. Daar is nog handboeke waarvoor ons wag aangesien drukkers op verskeie plekke moes sluit a.g.v. toename in Covid-19 gevalle.
- ❖ Die boeke is egter op pad. Ons beplan rondom die handboeke en geen leerder sal agterweë bly nie.
- ❖ By die Intersenfase, Graad 4 tot 7, volg ons die Zoom-rooster in die komende week, waarna die skoolrooster gevolg sal word wanneer ons terug is by die skool.
- ❖ Ons stel voor dat leerders die skoolrooster volg in die tye waar daar nie Zoom-klasse is nie, sodat hulle kan verseker hul kom by al die vakke uit.
- ❖ Leerders gaan dus baie besig wees. Alle lesse word opgeneem en op Ed-Admin gelaai, indien u kind nie toegang tot 'n rekenaar gedurende die dag het nie.
- ❖ Leerders kan dit later op Ed-Admin besigtig en nog steeds vrae aan die onderwyser rig. Hersiening kan ook so gedoen word.

- ❖ Op die Zoom-rooster moet ouers net onthou dat MATH vir Engelse Wiskunde onderrig is en WISK, vir die Afrikaanse leerders.
- ❖ Die Zoom-rooster is per e-pos aan u gestuur en personeel het die skakels op Ed-Admin geplaas en hul stuur ook uitnodigings uit. Maak asb. seker dat u kind daarop is. Indien toegang tot 'n rekenaar 'n probleem is moet u ons asseblief in kennis stel.
- ❖ Die betrokke personeel wat u kind nie op Zoom sien nie, moet weet wat die rede was aangesien ons skoolbywoning monitor, en niemand agterweë wil laat nie.

Wat die sport aanbetref:

- ❖ Op die huidige oomblik is daar nog baie onduidelikhede oor sport.
- ❖ Krieket, swem, tennis en skaak kan op klubvlak aangaan. Geen skool mag tans teen ander skole deelneem nie.
- ❖ Atletiek is vir nou eers van die baan. Ons gaan egter aan om in klein groepies te oefen, 4 per groep, vir die leerders wat wil oefen.
- ❖ Ons wag nog om te hoor van ander sportsoorte, soos muurbal, maar ons is egter nie baie optimisties dat kompetisie tussen skole sal plaasvind nie.

Ons hou u egter op hoogte van sake soos wat inligting na vore kom.

Laastens wil ek u vra om ons die week te ondersteun. Personeel en kinders leer mekaar nog ken. Ons vertrou dat die oomblik wanneer ons fisies by die skool gaan wees, die jaar vlot sal verloop.

Ons herinner ouers daaraan dat die Grade weer op verskillende tye die skool sal betree met verskillende hekke. Die inligting sal u in die komende week bereik.

Die skool sal altyd leerders wat by die huis is, met aanlyn onderrig help. Niemand sal agter gelaat word nie.

Midstream Ridge Groete

V HARMSE SKOOLHOOF

TINA COWLEY MIDSTREAM

*By Tina Cowley Midstream help ons almal, van klein tot groot, met die belangrikste lewensvaardigheid: Lees! Om goed te kan lees, moet ons ons brein en oogspiere oefen op 'n gereelde basis. Ons doen 'n wetenskaplike evaluasie van jou leesvaardigheid. Die program bevorder 'n liefde vir lees en help om leesspoed, begrip en leesvaardighede te verbeter. Ons program sluit oogkinetika in om die oogspiere te versterk sodat lees kan verbeter! **Ons doen ook die Essi-speltoets om te bepaal op watter spelvlak ons studente funksioneer. Ons glo Lesers is Presteerders – as jy kan lees, kan jy enigiets doen! Ons kan jou help!***

Ons is ook behulpsaam met breinprofiele en studiekursusse vir Gr 4–9.

*Ons bied tans Afrikaanse leesklasse aan op **Maandae van 15:30 tot 17:00, Dinsdae van 14:00 tot 15:30 of Woensdae van 14:00 tot 15:30***

Skakel Estari: 084 580 7755 of nelestari@gmail.com